

**Sondag, 24 Mei 2020**  
**Fokusteks: 1 Petrus 5:6-11**

*Don't worry, be happy.* So lui die alombekende liedjie van Bobby McFerrin. As die lewe maar net so eenvoudig was. Nee, uit Petrus se eerste brief kon ons die afgelope Sondag deeglik kennis neem van die soort swaarkry wat die Christene in sy tyd beleef het. Daar is op hulle neergesien omdat hulle in Jesus geglo het. Vanselfsprekend het dit vroeë oproep soos: Is dit alles die moeite werd? Is God regtig in beheer van alles en almal? Hoekom gaan dit dan so sleg met sy volgelinge? Die druk was op hulle om te begin twyfel aan God en kompromieë met die wêreldse leefwyse aan te gaan. Aan die einde van Petrus se brief, is sy raad aan die gelowiges tweeledig: *weerstaan* en *ontspan*. *Weerstaan* die brullende leeu, die haat, boosheid en geweld wat jou lewe in hierdie wêreld aanval. *Ontspan*, want terwyl jy nederig voor die Almagtige Liefde staan, is jy veilig in die kragtige hand van God!

Ons lees eers v.6,7

*<sup>6</sup>Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. <sup>7</sup>Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.*

Wat beteken dit om jou in nederigheid aan die kragtige hand van God te onderwerp? Dit is om jou lewe willens en wetens aan die Here oor te laat. Dit is nie iets wat jy uit dwang doen nie, maar in vertroue. Daarmee verklaar jy dat God ten volle in beheer van jou lewe is, en ook ten volle in beheer is van elke situasie in jou lewe, goed of sleg. Dit beteken verder dat jy selfs die slegte ervarings in jou lewe aan die Here sal oorlaat. Ons het 'n goeie voorbeeld in Job. Nadat hy alles verloor het, was sy vrou se raad aan hom om God te vervloek en te sterf. Hy het haar geantwoord: *As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?* (Job 2:10).

Jesus is nog 'n beter voorbeeld. Hy het sy lewe vrywillig afgelê. Hy is nie daartoe geforseer nie. Hy het geweet dat Hy 'n ontsettende lyding sou verduur, maar het nogtans gewillig Homself aan die Vader se wil onderwerp. In sy diepste nood bid Hy: *My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil* (Mat.26:39). Hy het volle vertroue in sy Vader se plan gehad. Jesus het selfs sy eie dood aan die Here oorgelaat toe Hy sy laaste asem uitblaas: *Vader, in u hande gee Ek my gees oor* (Luk.23:46). Hy kon al sy lyding net so aan die Vader oorlaat, want Hy het geweet dat sy Vader alles ten goede sal laat meewerk. Dieselfde kragtige hand wat sy volk uit Egipte verlos het, wat hulle deur die woestyn gelei en gedissiplineer het, dieselfde hand wat hulle uit ballingskap gered het, dieselfde hand wat Jesus uit die dood opgewek het, is dieselfde hand wat jou lewe vashou!

Let wel, hierdie nederige onderwerping aan God se hand vra 'n aksie van my. Ek sit nie maar net passief en toekyk oor my lewe nie. Nee, ek plaas dit doelbewus in sy hand. Ek beheer nie my lewe nie, God beheer dit. Iets wat mens help om dit te verstaan is wanneer jy vir 'n operasie gaan. Geen chirurg kan jou verplig om 'n operasie te ondergaan nie. Dit bly steeds jou keuse. Dink aan die aksies wat jy uitvoer wanneer jy wel besluit om die operasie te laat doen. Jy berei voor deur die riglyne te volg vóór die operasie. Jy pak jou tas en gaan uit vrye wil na die hospitaal. Jy laat jou inteken by die ontvangs. Jy teken 'n vorm waarin jy toestemming vir die prosedure gee. Jy laat toe dat jy na die teater geneem word en dat die narkotiseur jou aan die slaap maak. Wat is jy besig om te doen? Jy kies om jou aan die opererende hande van die chirurg oor te gee, in die hoop dat dit vir jou gesondheid voordelig sal wees. Jy gee jouself oor omdat jy nie self die fisiese probleem kan oplos nie. Dit is wat 'n mens nederige onderwerping noem.

Waarborg dit vir jou 'n kommervrye lewe? Kyk, as jy 'n waarborg wil hê wat jou teen enige probleme beskerm, gaan koop dan vir jou 'n yskas. Dit behoort 'n jaar of twee geldig te wees. Nee, God waarborg nêrens 'n probleemvrye lewensreis nie, net 'n veilige aankoms. Trouens, Petrus skryf in 4:12-14 dat ons nie verbaas moet wees as ons lyding moet verduur omdat ons aan God gehoorsaam wil wees nie. Ons moet eintlik bly wees dat ons in Jesus se lyding kan deel, want dit sal uitloop op 'n heerlike vreugde met sy wederkoms.

Petrus sê nie in vers 7 dat ons nie bekommernisse mag hê nie, maar wel wat ons daarmee moet doen. Ons sal nooit bekommernisse kan vermy nie, dit is deel van ons bestaan. Net soos wat jy ook nie kan verhoed dat versoekings oor jou pad kom nie. Maar jy kan kies hoe om daarop te reageer. Ons kan wel iets doen met die *angstigtheid* wat daardeur veroorsaak word. Bekommernis is iets waarvoor jy angstig is omdat jy nie weet hoe jy dit moet hanteer of oplos nie. Angs neem ons gedagtes oor, dit maak dat ons nie in die nagte geslaap kry nie. Ons gesondheid ly daaronder. Ons kry nie ons werk behoorlik gedoen nie omdat ons aandag afgetrek word. Die Griekse woord wat hier met "bekommernis" vertaal is, se grondbetekenis is om "te verdeel." Dit is presies wat angstigheid doen, dit verdeel ons aandag en verlam ons alledaagse bestaan.

Ek is nou nie juis 'n kenner op die gebied van potjiekos nie, maar een ding het ek geleer en dit is om nie elke paar minute die deksel op te lig om seker te maak of alles nog reg is in die pot nie. Dis niks anders as 'n teken van my angstigheid nie. Hoe meer ek beheer wil uitoefen om seker te maak niks loop verkeerd nie, hoe meer bederf ek die kookproses. Nee, ontspan en laat die potjie daar staan en prut en vertrou die proses. Dit sal reg uitwerk. So kan ons ons bekommernisse en die angstigheid wat daarmee gepaard gaan, na God toe neem. Trouens, die werkwoord sê ons kan dit op Hom gooï! Alles met een beweging - van jou af na God toe. Dit is sterk taal wat hier gebruik word. Ons plaas ons vertrouwe in die Een wat weet hoe om vir ons te sorg.

Algehele vertrouwe in God beteken nie dat ons onverskillig en nonchalant deur die lewe kan aangaan nie. Moenie oorgerus wees nie. Soos Petrus, wat ewe grootpraterig verklaar het dat hy Jesus nooit sal verloën nie. Toe sy verbintenis met Jesus egter op die spel kom, het sy bangheid en angstigheid oorgeneem sodat hy ten sterkste ontken het dat hy ooit vir Jesus geken het. Miskien is dit hoekom Petrus so ernstig is oor die volgende verse. Hy praat immers uit persoonlike ervaring en bittere teleurstelling. Kom ons let op v.8,9:

*<sup>8</sup>Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duivel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. <sup>9</sup>Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur.*

Die duivel is die een wat jou vertrouwe in God wil... beduiwel. Hy kla ons aan by God, hy kla God aan by ons, sodat ons die Here se troue sorg begin bevraagteken, en hy kla ons aan by mekaar. Hy ken net van vernietig en uitmekaar jaag. Daarom sê Petrus dat ons nugter en wakker moet wees. Staan vas in die geloof en weerstaan hom. Let wel, *staan hom teë*, nie *oorwin hom en bind hom vas* nie. Hy is reeds oorwin! Hy kan nie iets aan die opstanding van Jesus verander nie. Hy het klaar verloor. In Christus het jy reeds die krag om nie na hom te luister nie. Soek jou sterkte by God, want in Christus is hy reeds 'n verslae en verslaande vyand! Die duivel sal, in die konteks van hierdie Skrifgedeelte, oor ten minste twee dinge by jou wil twyfel saai. *God se krag en sy versorgende liefde vir jou*. Die duivel sal ons slegte ervarings misbruik om ons te laat glo dat God nie die vermoë het om werklik in beheer van ons lewens te wees nie. Waarom kon die Here nie help nie? Hoekom is my gebed nie verhoor nie? Waarom gaan dit so sleg met my en met ander so goed? Jy mag wel hierdie vrae vra, jy mag maar kwaad wees, maar dan moet jy met die Here daarvoor praat en nie die duivel vir sý opinie vra nie.

Martin Luther, die groot kerkhervormer, het geskryf: “Ek weet van die duiwel en sy versoekings. Maar wanneer die duiwel by die deur van my lewe kom aanklop, antwoord ek altyd: “Gaan weg! Hierdie plek is klaar geneem. Gaan terug na waar jy vandaan kom, want Christus is alreeds hier!”

Die volgende verse is ‘n wonderlike belofte, bemoediging en lofprijsing (10,11):

*<sup>10</sup>God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlijkheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. <sup>11</sup>Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.*

Die Here sal nie ophou om sy krag in jou te laat werk nie. Hy sal klaarmaak wat Hy in jou begin het. Hy sal nie sy gesig wegdraai nie en ook nie sy ore sluit nie. Ons dien nie ‘n God wat halwe werk doen nie. Jy is ook nie alleen nie. Jy is deel van die familie van God en ons moet mekaar help en aanmoedig om vas te staan in die geloof totdat Jesus weer kom. Onthou, hierdie lewe met sy swaarkry is volgens Petrus maar ‘n “kort tydjie” teenoor die ewige heerlijkheid wat vir ons wag.

Ons teks plant ons binne-in die groot verlossingsverhaal van die Bybel. Ons verstaan nou waar ons lyding inpas. Ons teks help ons om die groot verhaal van die skepping, en ons lotgevalle daarin, met God in verband te bring. Dit nooi ons uit om te bly vertrou op God. Hoewel ons nou mag ly, versterk God self vir ons. En op die bestemde tyd sal ons in sy heerlijkheid deel.

### **Gebed**

Hemelse Vader,

Ek wil my aan u kragtige hand onderwerp,  
neem my bekommernisse en gee my kalmte.

Verlos my van onnodige angstigheid, want U is immers in beheer van my lewe.

Ek wil nie deur die duiwel mislei word nie, help my om hom teen te staan.

Hoe gelukkig is ek dat U die brullende leeu se bek reeds toegebind het!

Dankie vir u krag wat my optel, wat my moedig, sterk en standvastig maak.

Aan U behoort die krag tot in ewigheid!

Amen.